Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

8 Junie 2022
Nuusbrief No 20

Liewe Ouers,
Dankie aan almal wat die kinders spesiaal laat aantrek het vir die Mamma- en Pappa -teepartytjie. Die kinders het te kostelik gelyk en die piekniek voluit geniet.

Die vroeë Winter het ons almal so bietjie onkant gevang, en ons maatjies het maar die rits verkouekieme trotseer met die oorgang van die seisoen, maar ons kan rapporteer dat dit baie goed gaan met ons kindertjies. Vorderingsverslae word einde van die kwartaal uitgedeel en u sal kan sien hoe u kind gevorder het.

Personeel:

- Baie geluk aan ons Eendjieklas Juffrou, Juffrou Esmé wat Vrydag verjaar.
- Mag dit 'n jaar van seën, liefde en oorvloed vir jou wees, Esmé.

Mandjiemark-boekies:

- Ons herinner u daaraan dat die Mandjiemark-boekies Maandag 13 Junie ingedien moet word saam met die bewys van betaling.
- Die trekking word 21 Junie om 11:00 deur die Ouerkomitee in die ingangsportaal gehou. Die wenners sal telefonies in kennis gestel word.
- Nogmaals dankie vir almal se insette.

Parkieland speelterrein:

- Ons wil asseblief vra dat kinders wat nie meer in Parkieland is nie asseblief nie op ons terrein sal kom speel in die middae of tydens rugby- en netbal-aktiwiteite nie.
- Kinders kan ernstig beseer word wanneer hulle sonder toesig speel. Hulle ken ook nie ons speelreëls nie en ons het al dikwels skade gelei deur speelareas wat beskadig word deur kinders wat hardhandig speel of te swaar is vir sekere speelgoed.

Skoolure:

- Ons wil net onder u aandag bring dat ons die hek om 08:30 sluit.
- Kinders wat na hierdie tyd nog inkom, is reeds afwesig gemerk. Die afwesighede word om 8:30 na die Laerskool toe deurgestuur waar dit op die sisteem ingelees word.

- Dis ook moeilik as kinders so laat arriveer want hulle moet nog pap eet terwyl die personeel met die opvoedkundige program wil begin en die tafels eers gesaniteer moet word na die kinders geëet het.

Jêmbekkies:
Verlede week het ons omtrent geskater vir die kinders se sêgoed en moet ons dit deel.
Die Gr 00-maats moes kom vertel watse werk hul Pappas doen:
♥"My pa is 'n prokureur. Hy werk en maak geld."
♥"My pa beskerm mense wat nie geld het nie. Dan gee my pa vir hulle ander geld. Ek weet nie wat is sy werk se naam nie."
♥"My pa kyk hoe werk die mense."
♥"My pa is 'n prokureur. Hy gaan elke dag hof toe en dan baklei hy. As hy by die huis kom lees hy net boekies en gee vir ons soentjies."
♥"My pa help mense om plus een en plus een te sê is twee. Hy werk met letters (syfers)."
♥"My pa is baie moeg in die oggende want hy moet tot in die aande en naweke werk. Hy help tannies wat babas kry."

♥Drie van die Gr 000 seuns het 'n "My-pappa-is-beter-gesprek:"
Een sê: "My pappa kan jag." Die ander een sê: "My pappa kan kar ry." Die derde een sê: "My pappa kan 'n *backflip* doen!"

♥Parkies♥weet♥fantasiespel♥bou♥lewensvaardighede♥

Hoop u het 'n wonderlike week verder.

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

Parkieland rolspel

Rolspel is vir die jong kind van kardinale belang. Rolspel behels die na-aping van optrede, gedrag, stemtoon, ens. Met ander woorde: om te maak of jy iemand anders is.

Ons kleuters het verlede Vrydag aangetrek soos hul Mammas en Pappas en dit vreeslik geniet om in "Grootmens-skoene" te staan!

Verbeelding, probleemoplossing en taalvaardighede word deur rolspel versterk.